SKOLENUUSKOMPETISIE: BEPALINGS EN VOORWAARDES

1. Die kompetisie word aangebied deur Netwerk24, ’n produk van 24.com/Afrikaans Nuus, ’n afdeling van Media24 Eiendoms Beperk, in samewerking met Die Burger.

2. Die Netwerk24 skolenuuskompetisie inskrywings sluit 12 September 2025 om 17:00.

3. Skryf in vir die verskillende afdelings van die skolenuuskompetisie. Klik hier vir meer inligting oor die verskillende afdelings.

4. Alle inskrywings moet via e-pos ingestuur word. Stuur die inskrywings na myskool@netwerk24.com. Elke inskrywing moet in ‘n aparte e-pos ingeskryf word.

a. Elke inskrywing moet ‘n volledige inskrywingsvorm en getekende vrywaringsvorm bevat.

b. Die skoolhoof van elke skool moet die vrywaringsvorm teken.

c. Inskrywings waar skakels (links) benodig word (kategorie 3-inskrywings) moet met die inskrywingsvorm korrek gestuur word.

5. Slegs Afrikaanse inskrywings sal aanvaar word.

6. Geen werknemer of familielede van Media24 of die borge sal in aanmerking kom vir enige pryse nie.

7. Met jou inskrywing bevestig jy dat jy die volle toestemming van jou skool het om vir hierdie kompetisie in te skryf.

8. Met jou inskrywing bevestig jy dat:

a. jou inskrywing op Netwerk24 gepubliseer mag word;

b. Media24 onder geen verpligting, finansieel of van welke aard ook al, teenoor jou ten is opsigte van die gebruik, publisering en aanwending jou inskrywing nie;

c. dat jou inskrywing op sosiale media netwerke versprei mag word;

d. die inskrywing na Media24 se uitsluitlike diskresie versprei en aangewend mag word vir advertensie-doeleindes en publisiteit in enige formaat.

9. Wenners sal gekies word deur ’n paneel beoordelaars van Netwerk24 en Die Burger.

10. Die wen-bydraes moet aan die spesifieke vereistes voldoen. Die vereistes word hier uiteengesit.

11. Die beoordelaars se beslissing is finaal en geen gesprek of korrespondensie sal daaroor gevoer word nie.

12. Netwerk24 sal wenners per e-pos kontak. Die wenners sal op Netwerk24 aangekondig word.

13. Media24 aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige skade wat mag spruit uit deelname aan die kompetisie nie.

14. Omdat dit kontantpryse is, sal Netwerk24 sekere persoonlike dokumentasie volgens wetgewing van wenners vereis om sodoende die prysgeld te kan oorbetaal. Media24 onderneem om geen van sodanige perrsoonlike inligting van deelnemers aan derde partye te verskaf nie.

Indien ’n pryswenner nie binne twee weke ná die versoek die nodige dokumentasie aanstuur nie, behou Netwerk24 die reg voor om nié die prys toe te ken nie en ’n alternatiewe wenner te kies.

15. As jy inskryf vir die kompetisie, aanvaar ons dat jy Media24 toestemming gee om jou soms te kontak met promosies en ander bemarking.